ANNA EMM JEUGVERHALE




# ’n Spook in die Skool

Die eerste
Buys-tweeling avontuur

deur Anna Emm

Die Buys-tweeling

# 'n Spook in die Skool

Die eerste Buys-tweeling avontuur

deur Anna Emm

Kopiereg 2016
A.M. van der Vyver | Anna Emm
KAAPSTAD

*'n Spook in die Skool* is geskryf deur Anna Emm. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die uitgewer se skriftelike toestemming gekopieer of herproduseer word nie.

# Hoofstuk 1

Dis donker in die gang. ‘n Koue luggie kom by die oop venster in.

Klara Buys trek haar sweetpakbaadjie stywer om haar skouers. Sy gaan versigtig nader – al nader aan die plek waar sy en Ben die gedaante gesien het. Dis dáár, af in die gang aan die linkerkant, anderkant die toe deur in Juffrou Marais se klas.

Versigtig lig Klara haar flitslig en skyn dit na die deur.

Ben Buys is so ‘n klein bietjie langer as sy tweeling-suster, en hy kan oor haar skouer sien waar die lig van die flits val.

“Versigtig, Klara,” fluister hy in haar oor. Sy stem bewe. Hy hoop nie sy kan dit hoor nie. “Jy weet nie wat aan die anderkant van daardie deur is nie. Sê nou maar net dis...”

Die deur van Juffrou Marais se klas swaai stadig oop... Dit kraak, en die geluid klink hard en hol in die leë gang.

Die tweeling hou hulle asems op, en...

Skielik lui die skoolklok! Dit lui hard en skril bokant hulle koppe. Klara wip soos sy skrik.

Maar dis nie die skoolklok nie. Dis die pienk wekker langs haar bed wat afgegaan het. Dis oggend, en die son skyn by haar kamervenster in.

“Opstaan, Klara! Ben!” roep Mevrou Buys in die gang af, en die reuk van spek en eiers kom uit die kombuis. “Julle wil nie laat wees vir julle eerste dag in Graad 7 nie!”

Klara sit regop in haar bed en vryf haar oë.

“Wat ‘n vreemde droom...” dink sy.

Sy gly uit die bed, en begin aantrek vir skool. Haar lang bene is bruingebrand na die vakansie, en haar oë blink sommer van opgewondenheid as sy dink aan die nuwe jaar by Laerskool Kruinendal. Sy is hoofmeisie, en haar beste vriendin, Janie, is die onderhoofmeisie. Dit gaan soveel pret wees! Sy kam haar lang, blonde hare drie keer deur, en maak dit dan vinnig in twee poniesterte oor haar skouers vas. Sy knipoog vir haarself in die spiëel.

“Klara Buys,” sê sy vir haarself, “dit gaan ‘n blink jaar wees!”

Dan wip sy by die kamer uit en draf kombuis toe, al agter die geur van die gebraaide spek aan.

Klara se tweelingbroer, Ben Buys, sit al klaar by die ontbyttafel. Ben het nie ‘n wekker nodig nie. Hy word altyd vanself vroeg wakker, al is dit vakansie, en dan lê hy en lees tot die res van die huis opstaan. Sy rooierige kuif staan parmantig regop, en hy sit die boek waarin hy gelees het neer toe Klara by die kombuis inkom.

“Jy sal maak dat ons laat is vandag,” sê hy. “Moenie dink omdat jy hoofmeisie is, hoef ons nie meer betyds te wees nie.”

Klara weet hy terg, en sy steek vir hom tong uit. Dan gaps sy ‘n stukkie spek uit sy bord en kou daaraan terwyl sy vir haar lemoensap inskink.

“Ek het ‘n snaakse droom gehad,” sê sy vir Ben later terwyl hulle eet.

“Ek ook,” sê Ben, maar hy luister nie regtig nie.

Hy het al klaar weer begin lees in sy boek.

“Moenie aan tafel lees nie, Ben,” sê Mevrou Buys.

Sy is ‘n mooi vrou met sagte bruin hare en oë. Vandag het sy haar groen baadjiepak aan, want sy het ‘n belangrike afspraak. Sy kyk gedurig na die horlosie bokant die deur. Sy wil nie laat wees nie.

Ben sug en pak sy boek in sy skooltas. Hy sluk sy laaste bietjie lemoensap af, en staan dan op.

Maar Klara moet nog eers gaan tande borsel, en haar tas gaan haal, en in die spiëel gaan kyk of haar hare reg is. Laerskool Kruinendal se nuwe hoofmeisie moet mos altyd op haar beste lyk!

“Lekker dag, julle twee,” groet Meneer Buys, en gaan sit by die kombuistafel vir sy koppie koffie. Hy is ‘n dokter by die groot hospitaal in Kruinendal, en hy hoef eers 'n bietjie later by die werk te wees.

Klara soen haar pa op die wang totsiens voor sy haar tas gryp en by die kombuisdeur uitwip. Ben glimlag net en knik.

“Lekker dag, Pa!” groet hy, en trek die deur agter hulle toe.

Meneer en Mevrou Buys glimlag vir mekaar nadat die tweeling weg is skool toe. Met Ben en Klara in die huis is daar nooit ‘n vervelige oomblik nie! Almal op Kruinendal ken die Buys-tweeling, of liewer, almal het al van hulle gehoor. Veral nadat Ben en Klara verlede jaar gehelp het om die dief te vang wat by Tannie Rosemary se winkel ingebreek het. Dit was in al die koerante, met foto’s van die tweeling daarby.

Dit was nadat hulle die dief gevang het, dat Ben en Klara besluit het om in hulle vrye tyd privaatspeurders te word. Nou hou hulle die koerante dop vir interessante sake wat hulle kan ondersoek. Dis vir hulle groot pret om te sien of hulle vóór die polisie by die antwoorde kan uitkom! Net verlede week het hulle Sersant Vosloo se gesteelde fiets opgespoor, en ook die polisie gehelp met belangrike leidrade om die skelm vas te trek. En dit was die Buys-tweeling wat die driejarige klein Anja Terblanche by die rivier gekry het, nadat sy die oggend van die huis af weggeloop het. Mevrou Terblanche was só bly dat sy hulle elkeen vyfhonderd rand gegee het!

Ja, Meneer en Mevrou Buys glimlag maar net vir mekaar toe die tweeling weg is skool toe. Hulle wonder al twee watter avonture hierdie jaar vir Kruinendal se jongste privaat-speurders voorlê!

Die Buys-tweeling stap elke oggend skool toe. Laerskool Kruinendal is nie te ver van hulle huis af nie, en langs die pad ontmoet hulle gewoonlik van hulle vriende.

“Wat is jy so stil?” vra Ben vir Klara, nadat hulle ‘n entjie gestap het.

Sy suster het nog nie ‘n woord gesê nie, en gewoonlik praat sy die hele pad.

“Ek dink aan die droom wat ek gehad het,” sê Klara. “Dit was baie eienaardig. Dit was oor ‘n spook!”

Nou is Ben verbaas.

“Maar ek het ook oor ‘n spook gedroom!” sê hy. “Wat het jý gedroom?”

“Die spook was in die skool by Juffrou Marais se klas,” sê Klara, en sy voel hoe ‘n eienaardige kriewel-gevoel teen haar nek opstoot. “Ek het hom nie gesien nie, maar ek het geweet hy’s daar! Ek en jy was...”

“In die gang!” roep Ben nou opgewonde uit. “Ons was in die gang, met die flitslig! En net toe die deur oopgaan...”

“Toe lui die skoolklok!” sê Klara. “En toe word ek wakker.”

“Ons twee het dieselfde droom gehad,” sê Ben. “Dis baie snaaks. Ek het nog nooit gehoor van twee mense wat op dieselfde tyd dieselfde droom het nie!”

“Ek wonder wat beteken dit?” frons Klara.

Ben maak sy mond oop om iets te sê van drome wat nie regtig so baie beteken soos

mense dink dit beteken nie, maar iemand roep hulle skielik.

"Klara! Ben! Wat draai julle so? Wil julle hê ons moet sommer op die eerste dag al in Ou Dempies se kantoor beland?"

Dis Klara se vriendin, Lisa, wat vir hulle voor haar huis op die hoek wag. Sy waai opgewonde.

"Ons praat later," fluister Klara vir Ben, en dan roep sy na Lisa. "Ons kom, Lies!"

Klara draf na Lisa toe, en die twee meisies omhels mekaar. Hulle het mekaar 'n hele week laas gesien, want Lisa was saam met haar ouers weg vir die vakansie.

Ben sug, en stap dan agter die meisies aan. Nou, weet hy, sal hy nie meer 'n woord inkry nie. As Klara en Lisa eers saam is, gee hulle vir niemand anders 'n kansie om iets te sê nie!

By die volgende hoek kry hulle vir Sarel Visagie. Hy is 'n lang seun met donker hare en groen oë, en hy en Ben is al vriende van Graad 1 af. Sarel is ook hierdie jaar 'n prefek, en Ben sien dat hy sy prefek-wapentjie aan sy baadjie dra. Hy sluit by die groepie aan, en nou loop die twee seuns 'n entjie agter Klara en Lisa aan op die sypaadjie langs. Die meisies gesels onophoudelik.

Ben sien dat Sarel vir Klara loer en bloos. Hy het al laasjaar agtergekom sy vriend hou van sy suster, maar Ben maak of hy nie weet nie. Klara kan maar nukkerig wees as sy wil, en Sarel is buitendien te skaam om met haar te gesels. Dalk waai dit oor.

"Het jy gehoor wat die naweek by die skool gebeur het?" vra Sarel terwyl hulle loop.

"Wat?" vra Ben. Sarel se pa is 'n onderwyser by Laerskool Kruinendal, en hy weet altyd van alles wat aangaan.

"Oom Andries, die faktotum, het Saterdagaand laat 'n lig sien brand in een van die gange," vertel Sarel, "en toe hy oopsluit om dit te gaan afskakel, was alles weer donker."

"Seker iemand wat laat gewerk het," sê Ben.

"Ja, maar dis juis die ding!" sê Sarel. "Daar was niemand nie. Die alarm was aan. As daar iemand was sou die alarm af gewees het, of..."

"Of dit sou afgegaan het," sê Ben.

"Presies," sê Sarel. "En buitendien, toe Oom Andries weer toegesluit het en wou huis toe gaan, was die lig weer aan! Hy sê hy het drie keer oopgesluit en ingegaan, en elke keer was dit donker in die gang. En elke keer as hy toesluit en wil gaan, brand die lig

weer!"

"Wat het hy toe gemaak?" vra Ben met groot oë.

Hy dink aan die eienaardige droom wat hy en Klara al twee gehad het. Maar hy sê niks oor die droom nie.

Netnou dink Sarel hy is simpel.

"Hy het dit toe maar gelos," sê Sarel. "Maar nou loop die storie rond dat dit spook in die skool. Jy weet mos hoe kan die werkers praat! My pa sê die hele wêreld gaan nou weer op hol oor niks."

"Dit is seker so," sê Ben.

Maar hy is nie so seker dis niks nie. Nie na gisteraand se droom nie. Hy sal met Klara moet praat. En gou ook!

Dis rumoerig in die klas toe die Graad 7's in hulle banke inskuif vir die eerste periode. Klara sit naby die venster, met Lisa net agter haar, en haar beste vriendin, Janie, in die bank voor haar. Toe sy buk om haar boeke uit die tas te haal, sien sy dat Ben haar aandag probeer trek.

"Wat?" beduie sy vir hom.

Ben sit aan die anderkant van die klas. Sarel sit net oorkant die paadjie langs hom. Sonder dat Sarel hom sien, probeer hy vir Klara beduie dat hy iets het om haar te vertel.

"Ben probeer vir jou iets sê," sê Janie vir Klara, en frons. Sy kan ook nie verstaan wat Ben beduie nie.

Klara giggel en wys vir Ben: "Later."

Sy wonder wat dit is wat hy vir haar wil vertel. Sy wonder of dit iets te doen het met die droom wat hulle gehad het. Maar Meneer Louw, die wiskundeonderwyser, kom die klas binne, en begin met die les.

Vir 'n rukkie vergeet Klara eers van die vreemde droom en van Ben.

Maar ná die wiskunde-klas staan die kinders op om na hulle volgende klas te beweeg. Ben wag vir Klara by die deur. Sy haak by hom in en stap saam met hom.

"Raai wat?" fluister Ben vir haar.

“Wat?” vra Klara met groot oë.

Sy ken haar tweelingbroer goed. Hy raak nie sommer opgewonde oor iets nie. Dit moet belangrik en opwindend wees. Dalk is dit ‘n nuwe raaisel vir Kruinendal se twee privaatspeurders!

“Haai, wat fluister julle twee so?” lag Lisa hier agter hulle. “Kan ons ook hoor?”

“Ja,” sê Janie, en haak by Ben se ander arm in. “Vertel! Vertel!”

Ben sug.

“Later,” sê hy vir Klara.

Die meisies het nou L.O. by Juffrou Marais, en die seuns gaan sokker speel saam met Meneer Roland. Hy sal maar later vir Klara vertel van die lig in die gang.

Maar dis nie nodig nie, want nes Sarel se pa gedink het, het die storie al deur die hele skool versprei. Toe die klok lui vir pouse hoor Klara dit by Ansonet, die groot skinderbek, in die gang.

“Oom Andries sê dit was ‘n spook!” vertel Ansonet met groot oë. “Hy het hom self gesien!”

“Regtig?” vra Janie en Lisa, hulle oë net so groot.

“Dit kan nie wees nie,” sê Klara en frons. “Daar is nie sulke goed soos spoke nie. Ek is seker jy het nou weer die storie aan die agterwêreld beet, Ans!”

Die meisies giggel, en Ansonet trek vies haar neus op. Klara sien vir Ben en Sarel voor in die gang. Sy draf na hulle toe en haak sommer tussen hulle in.

Sy sien nie hoe Sarel ongemaklik bloos nie, en sê vir Ben:

“So, dis wat jy my wou vertel het, Boet? Van die spook wat Oom Andries in die gange gesien het?”

“Dis ... nie waar nie,” sê Sarel. Hy bloos nog steeds. Hy sien Klara se blonde hare hier naby sy gesig, en ruik hoe lekker sy ruik. “My ... pa het met Oom Andries gepraat, en dis glad nie wat gebeur het nie. Hy het net ‘n lig gesien. Dis al. Hy was nie eens bang nie.”

“Sien!” sê Klara opgewonde. “Dis mos wat ek altyd vir Ben sê. Dit help nie mens praat met iemand wat dit by iemand anders gehoor het nie. Jy moet die storie by die regte mense kry! Sarel, dink jy ons kan met Oom Andries gaan gesels en hoor wat gebeur het?”

“Seker,” sê Sarel, en frons. “Maar hoekom is dit so belangrik? Dis seker maar net ‘n kortsluiting in die elektrisiteit of iets.”

Maar voordat Klara kan antwoord, hoor die kinders ‘n vreeslike, bloedstollende gil uit een van die gange! Ben en Klara kyk vir mekaar.

Dit kom uit die gang waar Juffrou Marais se klas is...

Vir ‘n oomblik staan die kinders stil nadat die vreeslike gil deur die gange van Laerskool Kruinendal geklink het.

Klara, wat nooit bang is vir enigiets nie, is die eerste om in beweging te kom.

“Kom!” roep sy vir Ben en Sarel, en hardloop na Juffrou Marais se klas toe.

Ben se hart klop in sy keel.

*Sê nou maar net daar is regtig ‘n spook? Daar is mos nie sulke dinge nie?*

*Of is daar?*

Maar daar is nie ‘n spook in Juffrou Marais se klas nie. Die kinders loer deur die venstertjie in die deur. Daar is kinders in die klas, en Juffrou Marais is besig om klas te gee.

Voor die seuns haar kan keer, klop Klara aan die deur. Juffrou Marais kom maak die deur oop. Sy lyk nie baie vriendelik nie!

“Ja, Klara?” vra sy. “Waarmee kan ek jou help?”

“Jammer om te pla, Juffrou,” sê Klara met ‘n vriendelike glimlag. “Ons wil sommer hoor of alles in orde is hier? Ons het iemand hoor gil.”

Juffrou Marais lyk nou ongemaklik. Sy kyk oor haar skouer na die kinders in die klas, en dan fluister sy vir die kinders:

“Dit was seker die spook!”

“Die spook?” vra Ben met groot oë.

“Watter spook?” frons Sarel. Hy glo nie al hierdie praatjies nie.

Maar Juffrou Marais begin lag.

“Kyk nou net hoe skrik julle!” sê sy. “Nee, ek maak net ‘n grap. Maar julle kinders moet ophou met julle spookstories, hoor julle? Ligte wat aan- en afgaan, gille in die gange... Ek het niks gehoor nie. Julle gaan die kleintjies bang maak. Dis nonsens. Toe, toe, kom terug by julle klasse!”

“Sien julle nou,” sê Sarel. “Dis daai Ansonet en haar pêlle wat al hierdie stories versprei. Vir al wat jy weet, was dit sy wat so gegil het – net om ons skrik te maak.”

“Jy’s reg,” sê Ben. “Ons is sommer laf. Kom, Klara. Ons moet draf. Ons gaan laat wees vir Lewensoriëntering.”

Maar Klara frons. Sy hou vir Ben terug aan sy arm, en sê saggies dat Sarel nie hoor nie: “Maar Ben, Ansonet het reg agter ons geloop toe ons die gil gehoor het. Onthou jy nie?”

Ben skud sy kop. Hy het nie vir Ansonet of haar pêlle gesien nie.

“Is jy seker?” vra hy.

“Ja,” fluister Klara. “En die vreemdste van alles is dat dit nie gelyk het of hulle eens die gil gehoor het nie!”

Ben kyk om hom rond. Oral is kinders besig om na hulle volgende klasse te beweeg. Almal gesels opgewonde, of maak gou-gou nog hulle laaste huiswerk klaar. Niemand lyk bang nie. Niemand lyk bekommerd nie.

*NIEMAND anders het die gil gehoor nie...*

Hy kyk oor sy skouer. Juffrou Marais staan aan die binnekant van die deur in haar klas. Sy kyk vir hulle deur die venstertjie. Sy lyk glad nie vriendelik nie.

*Het sy die waarheid vertel? Of het sy ook die gil gehoor?*

“Ek dink dis ‘n saak vir die Buys-tweeling se speurdiens!” sê Klara, toe sy en Ben daardie aand hulle huiswerk by die eetkamertafel sit en doen. “As daar regtig ‘n spook in die skool is, moet ons hom kry en uitvind waar hy vandaan kom.”

Ben skud sy kop.

“Ek weet nie so mooi nie, Klara,” sê hy. “Jy weet tog daar is nie so iets soos spoke nie. Sê nou maar net ons maak ‘n groot grap van onsself? Wil jy hê die koerante moet skryf hoe die Buys-tweeling ‘n groot bohaai oor niks gemaak het nie?”

“Nee,” sê Klara, en glimlag. “Ek wil hê die koerant moet skryf hoe ons die persoon vasgetrek het wat die hele Kruinendal probeer bangmaak het. Ek dink dis iemand wat probeer spook speel, dis wat ek dink!”

“En ons droom?” vra Ben. “Wat dan van ons droom?”

“Dis niks!” sê Klara. “Jy weet mos tweelinge dink baie keer aan dieselfde ding op dieselfde tyd. Noem dit intuïsie, of iets.”

Voordat Ben haar kan antwoord, lui die telefoon. Ben staan op om te gaan antwoord.

“Hallo? Dis Ben Buys wat praat. O, hallo Sarel! Wat? Wanneer het dit gebeur? Is jy seker? Oukei, ek sal vir Klara sê. Ons kom dadelik.”

Ben sit die telefoon neer, en kyk na Klara.

“Dit was Sarel,” sê hy. “Hy sê Oom Andries het verdwyn! Hy is skoonveld! Niemand het hom na vanoggend nog met ‘n oog gesien nie. En sy rugsak staan nog net so by die skool. Sarel se pa en Ou Dempies wil ons

Klara maak haar boeke toe, staan op en sê:

“Wel, of ons nou wou of nie, dit lyk my die Buys-tweeling se hulp word ingeroep om die raaisel van Kruinendal se skoolspook op te los! Waarvoor wag ons?”

## Hoofstuk 2

Die strate is donker toe Meneer Buys die tweeling by die Laerskool Kruinendal aflaai.

Die skool staan verlate in die nag, behalwe vir die ligte in die voorportaal en die kantoor wat brand. Deur die venster kan Ben en Klara vir Meneer Dempers, of Ou Dempies soos die kinders hom noem, sien rondbeweeg. Hy wag vir hulle. Hy lyk bekommerd en ernstig.

“Moet ek vir julle wag?” vra Meneer Buys vakerig.

Hy wil baie graag sy storie op televisie gaan klaar kyk en dan vroeg in die bed kom. Dit was ‘n dol dag by die hospitaal, en hy is moeg.

“Toemaar, Pappa,” sê Klara voor sy uitklim. “Ons sal sommer saam met Sarel en sy pa ry. Ons sal bel as daar ‘n probleem is.”

Meneer Buys is verlig. Die strate is maar verlate en spokerig, en hy is niks lus om hier in die donker kar vir die tweeling te wag nie.

Hy wag tot Ben en Klara by die skool se voordeur ingegaan het, en dan ry hy stadig weg.

*Verbeel hy hom, of sien hy ‘n vreemde lig in een van die gange brand? 'n Lig wat nie netnou aan was nie...*

In Meneer Dempers se kantoor staan Sarel en sy pa, Juffrou Marais en Meneer Dempers self. Almal gaan sit toe die tweeling binnekom. Nou kan die vergadering begin.

Ben en Klara loer vir mekaar.

Hulle wonder waarom hulle so dringend na die hoof se kantoor geroep is. Dit moet belangrik wees, veral hierdie tyd van die aand. Dit moet oor Oom Andries se vreemde verdwyning gaan.

“Ben en Klara,” begin Ou Dempies, “ons het julle laat kom omdat ons ‘n probleem hier by Laerskool Kruinendal het. Ek hou net mooi niks van wat op die oomblik besig is om te gebeur nie, en ek wil dit so gou moontlik stopsit.”

Nou praat Meneer Visagie, Sarel se pa.

“Iemand het die gerugte versprei dat daar ‘n spook in die skool is,” sê hy. “Dit is natuurlik belaglik, maar die storie loop en die hele skool is op hol. Die ouers bel ons al heeldag om te hoor wat aangaan, dreig om hulle kinders uit die skool te haal, en ek weet nie wat nog alles nie. Dit het te ver gegaan.”

Juffrou Marais kyk kwaai oor haar bril na die tweeling.

“Dit het natuurlik alles begin met daardie lawwe Oom Andries se storie oor die lig in die gang,” sê sy. “Maar hy is nie nou hier om die blaam te dra nie, so...”

“Waar IS Oom Andries?” vra Klara. “Ons het gehoor hy het verdwyn?”

“Verdwyn?” lag Juffrou Marais. “Watter bog. Die man het net lui geraak vir sy werk en besluit om die dag af te vat, dis al.”

“Ons weet dit nie verseker nie!” keer Sarel se pa. “Ek dink nog steeds ons moet die polisie inroep as hy nie môre opdaag nie. Sy sak en al sy goed is dan nog in die stoorkamer. Nee, ons kan nie aanneem hy het geloop nie.”

“Oom Andries sal nie sommer net loop nie!” sê Ben vinnig. “Dis nie hoe hy is nie. Hy werk altyd baie hard en baie netjies.”

“Iets moes met hom gebeur het...” sê Klara saggies.

“Sien,” sê Juffrou Marais vies. “Dis presies die soort stories wat ons nie by die skool wil hê nie!”

Meneer Dempers sug.

“Ben en Klara,” sê hy. “Ons het julle gevra om te kom omdat ons wil hê julle moet ons help om die kwessie te hanteer. Die kinders is bang en die stories loop die gange vol. Julle

is lekker oopkop en die kinders hou van julle. Klara, jy is hoofmeisie. Ek is seker dat die kinders na julle sal luister as julle vir hulle sê dat alles onder beheer is."

"IS alles onder beheer?" vra Klara. "Ons kan 'n bietjie rondsnuffel as julle wil, probeer uitvind wie dit is wat die kinders probeer bang maak? Ek is seker dis nie 'n regte spook nie, maar iemand wat..."

"Onder geen omstandighede nie!" sê Juffrou Marais. "Die saak het ver genoeg gegaan. Dit stop nou net hier. Môre sal Oom Andries weer terug wees, en alles sal weer na normaal kan terugkeer."

Maar Ben en Klara is nie so seker nie.

Hulle loer na Sarel waar hy eenkant op 'n stoel sit. Hy is stil, en dit lyk of hy diep dink.

*Dalk is hy ook nie so seker dat alles onder beheer is by Kruinendal nie.*

Na die vergadering sit Ben, Klara en Sarel op die skool se trappies vir Meneer Visagie en wag. Die grootmense bespreek gou 'n paar dringende sake.

"Wat dink julle van hierdie hele storie?" vra Klara nou dat hulle alleen is. "Ek bedoel, dink julle regtig hier is niks vreemds aan die gang nie?"

"Ek weet nie," sê Sarel. "Partykeer kan skinderstories dinge baie erger maak as wat dit regtig is. Dalk is dit niks."

"Ek is nie so seker nie," sê Ben. "Hoekom dink julle het Oom Andries verdwyn? Hoekom juis HY? En dink julle nie dis snaaks dat hy verdwyn het net nadat hy die vreemde lig in die gange gesien het nie? Ek is seker dit het iets daarmee te doen. Ek dink tog ons moet 'n bietjie speurwerk van ons eie doen..."

Skielik hoor hulle vreemde voetstappe agter hulle in die donker. Die kinders sit doodstil en luister...

Ja, die voetstappe kom al nader en nader!

Dit klink hol en koud in die verlate gange.

Vinnig kyk Ben en Klara vir mekaar.

*Die grootmense is nog in die kantoor besig. Wie kan dit wees wat hierdie tyd van die nag in die gange rondloop?*

Die voetstappe kom tot reg agter hulle, en dan stop dit. Stadig kyk die drie kinders om...

“Juffrou Marais!” roep Ben verlig uit, toe hy sien wie dit is wat agter hulle staan. “Juffrou het ons laat skrik!”

Maar Juffrou Marais se gesig lyk vreemd. Sy antwoord nie vir Ben nie, maar klim stadig by die trappies af en kom staan voor die kinders.

Sy lyk senuweeagtig. Sy loer kort-kort na die kantoor se venster waar Sarel se pa en Meneer Dempers nog gesels.

Dan haal sy stadig ‘n sigaret uit haar handsak, steek dit aan, en vat ‘n lang teug. Sy blaas die rook uit.

Al drie kinders skuif bietjie ongemaklik rond.

*Wat gaan aan met Juffrou Marais? Het sy gehoor toe hulle gesê het dat hulle die saak van die spook wil ondersoek? Is sy kwaad?*

Maar Juffrou Marais leun vorentoe, en praat dan saggies in ‘n lae stem.

“Ek kan seker maar vir julle vertel,” sê sy. “Julle sal dit in elk geval een of ander tyd uitvind.”

“Wat uitvind?” vra Ben.

Die haartjies op sy arms staan regop. Hy voel skielik baie ongemaklik.

“Wat vertel?” vra Klara, en loer vir Ben.

“Wat gebeur het hier by Kruinendal,” sê Juffrou Marais weer in ‘n fluisterstem. “Lank gelede.”

Sarel frons en wil iets sê, maar Juffrou Marais praat weer.  Haar oë kyk ver oor hulle koppe, asof sy nie regtig met hulle praat nie.

Asof sy probeer onthou.

“Voordat hierdie gebou ‘n skool was,” sê sy, “was dit ‘n hospitaal vir soldate wat in die oorlog gewond is. Al die gewonde soldate is hiernatoe gebring, en baie van hulle is hier dood aan hulle wonde. Nadat die skool gebou is, het almal vergeet waarvoor die plek eers gebruik was, en wat lank terug hier gebeur het. Dit mag net wees dat julle spook een van die soldate is wat nog hier ronddwaal.”

Die drie kinders kyk vir mekaar.

“Is dit waar?” vra Sarel agterdogtig.

Hy het drie ouer boeties by die huis wat hom altyd probeer bang maak met spookstories. Hy glo nie sommer sulke dinge nie.

Juffrou Marais lyk skielik weer kwaai. Sy loer na die kantoor se kant toe. Meneer Visagie en die skoolhoof kom aangestap. Sy laat val haar sigaret en trap dit dood in die sand.

“Natuurlik nie!” sê sy vies, en kyk kwaai na die kinders. “En as julle die storie versprei, is daar moeilikheid. Verstaan julle?”

Juffrou Marais loop vinnig weg, net toe Sarel se pa by die kinders aankom.

“Is julle reg om te gaan?” vra hy. “Kom.”

Die kinders kyk vir mekaar. Niemand sê iets nie. Dan staan hulle op en loop agter Sarel se pa aan na sy kar toe.

Maar Ben kan sien dat Klara ook wonder oor die vreemde ding wat gebeur het.

*Hoekom was Juffrou Marais so geheimsinnig? En hoekom het sy gemaak of dit niks was nie toe Meneer Visagie nader kom? Probeer sy vir hulle iets vertel?*

Ben weet sommer wat sy tweelingsussie dink. Klara sê niks, maar hy ken haar goed.

Hy kan op haar gesig sien dat die Buys-tweeling so pas ‘n nuwe stuk speurwerk gekry het om op te los.

Die volgende oggend toe Meneer Buys by die ontbyttafel kom, is die tweeling nie daar nie.

“Waar is die twee speuders dan vanoggend?” vra hy vir Mevrou Buys, en soen haar op die wang.

“Ben het gesê hulle wil vroeg skool toe gaan vandag,” sê sy. “Daar is glo iets wat hulle nog voor skool moet gaan doen.”

“Hmmm,” sê Meneer Buys en vou die koerant oop. “Baie geheimsinnig!”

“Dis wat ek ook gedink het,” sug Mevrou Buys, en wonder wat die tweeling nou weer in die mou voer.

Saggies maak Ben en Klara die deur van die stoorkamertjie agter hulle toe. Nou is die geluide van die kinders op die skoolgrond sag en ver weg. Dis stil in die stoorkamer, en daar is nie baie lig nie.

Dit ruik bedompig.

“Waarna soek ons?” fluister Ben, en loer rond. Oral staan bokse en blikke verf rond.

“Enigiets,” fluister Klara terug. “Dalk het Oom Andries iets hier gelos wat vir ons ‘n leidraad sal gee. Kyk, daar staan sy sak nog. Hy was nog nie weer terug nie.”

Ben en Klara kyk na die sak wat eenkant in die hoek staan. Ben maak dit versigtig oop, en begin die goed wat daarin is, op die vloer uitpak. ‘n Kosblik met broodjies in, ‘n skoon hemp, ‘n warm baadjie, en ‘n beursie.

“Hy het sy beursie ook hier gelos,” fluister Klara. “Dis vreemd.”

“Nou is ek seker iets het met hom gebeur!” sê Ben en pak die goed weer terug in die sak.

Hulle kyk verder deur die stoorkamer, maar dan hoor hulle skielik iets. Die tweeling staan doodstil en luister. Hulle kyk vir mekaar. Nie een van hulle haal asem nie.

Ja, daar is dit weer! Dis die droë gras buite die deur van die stoorkamer wat kraak soos iemand versigtig daarop trap. Iemand is hier!

“Gou!” roep Klara, en duik agter ‘n stapel bokse in.

Ben laat nie op hom wag nie, en gaan hurk langs haar. Deur ‘n skrefie tussen die bokse kan hulle die stoorkamer se deur sien.

Stadig, baie stadig, begin die deur se handvatsel draai...

Klara klou aan Ben se arm. Ben voel self hoe sy hart woes klop. Hulle hou hulle asems op. Dan kraak die deur soos iemand dit baie stadig van buite af begin oopstoot!

Stadig, stadig swaai die deur oop.

Die tweeling hurk laer agter die bokse in.

*Wie is dit wat daarbuite staan? En hoekom kom die persoon nie net in nie?*

Die deur swaai verder oop. ‘n Ligstraal val van buite af oor die vloer, en die geluid van kinders wat lag en roep, kom van die speelterrein af in.

Net toe lui die skoolklok hard en skril!

Ben en Klara wip soos hulle skrik, en Klara moet haar hand oor haar mond druk om nie hardop te gil nie! Hulle bly doodstil agter die bokse sit, maar niemand kom in nie. Die deur staan nou oop, maar daar is niemand aan die anderkant nie.

Hulle wag en wag. Die geluid van kinders wat na hulle klasse beweeg word eers harder, en dan sagter en stiller. As hulle nie nou gaan nie, sal hulle laat wees vir klas en dan sal hulle moet verduidelik waar hulle was.

“Kom,” sê Klara en staan op. Sy stof haar af. “Daar is niemand. Dit was seker net die wind wat die deur oopgedruk het.”

“En wat van die voetstappe?” vra Ben.

Hy hou nog steeds sy oë op die oop deur. Net ingeval daar ‘n outydse soldaat gaan verskyn!

Maar daar is niemand.

Die tweeling glip by die stoorkamer uit, en maak die deur weer agter hulle toe. Hulle gryp hulle tasse en draf klas toe.

“Wel,” sê Klara, “nou weet ons ten minste Oom Andries het sy beursie gelos, EN dat hy nie weer teruggekom het skool toe nie.”

Ben knik, en wys vir Klara met sy vinger voor sy mond dat hulle vir niemand mag sê wat gebeur het nie. Net betyds glip hulle by die klas in. Meneer Louw het klaar die eerste Wiskunde-som op die bord geskryf.

“Waar was jy?” vra Janie toe Klara uitasem agter haar in die bank kom sit. “Jy lyk of jy ‘n spook gesien het!”

“Moenie nog spot nie!” giggel Klara. “Ons is al klaar in die moeilikheid oor die spookstories by die skool. Ou Dempies het ons gisteraand ingeroep.”

“Regtig?” vra Lisa en skuif ook nader. “Oor die spook?”

“Nee, man,” sê Klara. “Die onnies wil nie hê ons moet die stories onder die kleintjies versprei nie. Klink my die ouers kla dat die kinders te bang is om skool toe te kom.”

“Dit kan ek goed glo!” sê Ansonet, die skinderbek, en leun oor die paadjie na hulle toe. “Hier is vreemde dinge aan die gang by die skool!”

“Ag, Ans,” sê Klara vinnig, “dis jy wat die stories versprei. En nou kom ons almal in die

moeilikheid! Hier is g'n 'n spook by die skool nie. Daar is nie so iets soos spoke nie!"

"Daar is!" sê Ansonet met groot oë. "En hier is! Ek het hom self gesien."

"Wat?" vra Klara.

Sy loer na Ben wat aan die anderkant van die klas sit. Hy kyk nie in hulle rigting nie.

Dan leun sy vooroor, en fluister:

"Wat het jy gesien?"

Ansonet kyk oor haar skouer, en beduie vir die meisies om nader te skuif.

"Gisteraand laat," sê sy, "het ek en my ma van die kafee af gekom. Ons koop nie graag by die kafee nie, want hulle is so duur, maar gisteraand toe my ma agterkom die melk is op, was dit te laat en al die winkels was al toe..."

Klara sug.

"Maak gou!" sê sy ongeduldig. "Meneer Louw gaan nou-nou met die klas begin! Wat het jy gesien? Was dit die lig?"

"Nee," vertel Ansonet verder. Sy geniet die aandag vreeslik. Dis nie elke dag dat sy iets het om vir Klara Buys te vertel nie! "Dit was iemand! 'n Man! Hier by die skool!"

"Dit was seker net Ou Dempies," sê Klara. "Hy was gisteraand laat nog hier. Hy en Sarel se pa was in 'n vergadering."

"Dit was nie Ou Dempies nie," sê Ansonet met blink oë. "Ek weet dit was nie hy nie, want ons het hom by die kafee gekry. Hy het gesê hy was nou net by die skool, en dat hy op pad is huis toe. Dit was al na elfuur."

"Nou wie was dit?" vra Janie en frons. Sy vertrou nie altyd Ansonet se stories nie.

"Ek weet nie," sê Ansonet. "Maar net ek het hom gesien. Dit was 'n man. Hy het by een van die klasse se vensters gestaan. Net gestaan! En by die venster uitgestaar. Dit was donker, maar die lig van die straatlampe het op die venster geskyn en ek kon hom sien. Hy het 'n uniform aangehad. Soos 'n soldaat, julle weet..."

"Reg, klas!" sê Meneer Louw in 'n harde stem. "Kom ons begin maar met vandag se les. Maak julle handboeke oop by bladsy sestien, asseblief!"

Ansonet draai terug in haar bank en begin in haar handboek blaai. Maar Klara sit asof sy versteen is. Die haartjies in haar nek staan regop, en haar hart klop woes!

*'n Soldaat?* dink sy. *In een van die klasse? Nadat hulle almal gisteraand hier weg is?*

“Moenie jou aan Ansonet steur nie!” sê Janie. “Sy praat sommer bog, jy weet mos!”

Klara knik, maar sy is nie so seker nie. Met bewende hande maak sy haar boek oop. Sy kyk op en sien hoe Ben vir haar kyk.

“Wat is dit?” beduie hy vir haar sonder woorde.

Maar Klara skud net haar kop. Sy sal hom later vertel wat Ansonet gesien het. Sy is nie eens seker of Ben dit sal glo nie. Sy weet hy dink daar is nie so iets soos spoke nie, en dat Juffrou Marais hulle sommer net probeer bangpraat het.

*Maar hoe het Ansonet geweet van die soldaat? En hoe het die man in die skool gekom nadat al die deure gesluit was?*

Sy het tog self gesien hoe Ou Dempies die hekke agter hulle sluit...

Maar Klara is nie meer so seker nie.  Oor niks nie.

Ná Wiskunde het die kinders Geskiedenis by Sarel se pa. En ná Geskiedenis moet hulle draf om betyds te wees vir Kuns. Die dag verloop so dol, dat Klara vergeet om vir Ben te vertel van die soldaat wat Ansonet gesien het. ‘n Hoofmeisie het baie dinge om te doen.

Pouse moet sy die kleintjies gaan help om hulle tekeninge in die saal op te plak, en ná pouse stuur Meneer Dempers haar om vir al die onderwysers briewe uit te deel. Die laaste periode moet sy die ander prefekte help om die saal gereed te maak vir die saalperiode die volgende oggend, en Klara dink nie weer aan die soldaat nie.

Dis eers later daardie middag, toe sy en Janie van die tennisoefening af huis toe stap, dat sy weer onthou. Dit is eers toe Lisa op haar fiets langs hulle stop en vra of hulle nie vir Ansonet gesien het nie, dat sy weer aan haar dink.

“Niemand het haar weer ná vanoggend se Wiskunde-periode gesien nie,” sê Lisa uitasem. “En sy was nie by die netbaloefening nie. Sy is weg!”

Dit was TOE dat Klara Buys onthou dat sy nog nie tyd gehad het om vir Ben te vertel wat Ansonet by die skool gesien het nie.

Maar nou, weet sy, is dit dalk te laat.

# Hoofstuk 3

Ben en Klara Buys sit by die eetkamertafel en huiswerk doen.

Klara sukkel om te konsentreer op die somme wat Meneer Louw vir hulle gegee het. Haar gedagtes is by die vreemde dinge wat die afgelope week by Laerskool Kruinendal gebeur het...

“Hoekom dink jy wil Ou Dempies en die onnies nie hê ons moet oor Oom Andries se verdwyning praat nie?” fluister sy vir Ben. “En nou is Ansonet ook weg.  Hoekom is almal so geheimsinnig oor die hele spook-ding?”

“Ek dink hulle wil net nie hê die kinders moet ‘n groter ding daarvan maak as wat dit is nie,” fluister Ben terug. “Maar dit maak vir my ook nie sin nie. Ek is seker daar is iets wat hulle nie vir ons sê nie. Sarel sê sy pa is al die hele week so snaaks en nukkerig.”

“En hoekom het Juffrou Marais gemaak of sy niks van die spook wil weet nie,” wonder Klara, “en toe kom vertel sy later vir ons van die ou soldate?”

“Sy WAS baie senuweeagtig,” onthou Ben nou.

“Ben! Klara!” roep Mevrou Buys uit die sitkamer uit. “Is julle huiswerk klaar? Julle moenie sit en klets nie, hoor? Dis al laat.”

“Ons is amper klaar, Mamma!” roep Klara, en sug. Dan sê sy vir Ben: “Ander privaatspeurders het nie so baie huiswerk nie.”

Die twee maak hulle huiswerk in stilte klaar, maar hulle gedagtes bly afdwaal na die dinge by die skool.

Terwyl hulle hulle boeke wegpak, leun Klara nader en fluister vir Ben:

“Kom ons gaan maak ‘n draai by die skool vanaand. Dan kan ons mos self sien wat daar aangaan?”

Ben knik.

Hy is ‘n bietjie skrikkerig. Hy is nog nie heeltemal seker die gedaante is NIE ‘n spook nie, maar hy wil nie vir Klara wys hy’s bang nie.

Daardie aand toe alles in die Buys-woning stil is, en al die ligte afgeskakel is, glip Ben

en Klara uit hulle beddens. Hulle het hul klere onder hulle pajamas aangehad, en trek nou suutjies hulle skoene aan.

In Klara se kamer kry hulle elkeen ‘n flitslig, en skuif dan versigtig die kamervenster oop. Reg langs Klara se venster is ‘n hoë boom met dik takke waaraan hulle kan afklim tot onder.

Die tweeling loop in die lig van die straatligte die kort entjie na die skool toe.

Die strate is stil en verlate.

“Ek wonder hoe laat dit is?” fluister Klara.

“Seker nou al amper twaalfuur,” fluister Ben. “Ek het op die horlosie gekyk toe ek opgestaan het, en toe was dit twintig oor elf.”

Hulle praat nie veel die res van die pad nie. Saggies beweeg hulle onder die bome deur totdat hulle die ou skoolgebou in die maanlig kan sien. Alles lyk stil en rustig.

Hulle klouter bo-oor die hek, en sorg dat hulle in die skaduwees bly terwyl hulle nader gaan. As daar iemand in die skool is, wil hulle nie hê hy moet hulle deur die venster kan sien naderkom nie.

By die voordeur sit Klara haar flitslig aan. Sy voel aan die deur, en kyk dan verbaas na Ben.

Die deur is oop!

Baie saggies gaan hulle binne...

Alles is stil. Alles is donker. Iewers in Ou Dempies se kantoor tik ‘n horlosie hard.

Ben en Klara beweeg in die gang af tussen die leë klaskamers deur. En dan gaan Klara skielik staan.

Sy gaan staan so vinnig dat Ben van agter af in haar vasloop!

Met ‘n bewende hand wys sy na iets voor hulle in die gang...

“Ben...” sê sy. “Kyk daar!”

Ben is amper te bang om op te kyk na waar Klara wys. Hy maak hom reg om die vreemde gedaante van die ou soldaat te sien, maar daar is niks.

Die gang is leeg en alles is stil.

Dan begin Klara hier langs hom giggel.

"Lekker uitgevang!" fluister sy. "Ou bangbroek!"

Ben voel hoe die gloed in sy gesig opstoot, en hy is bly dis donker sodat Klara nie kan sien hoe hy bloos nie. Simpel meisiekind!

"Dis nie snaaks nie," brom hy.

"Ja, dit is," fluister Klara terug.

Dit lyk of sy glad nie bang is nie.

Maar skielik hoor hulle iets.

Dis 'n harde geluid soos 'n swaar ding wat val, en dit weergalm deur die leë gange. Hierdie keer skrik selfs Klara.

"Wat was dit?" vra sy vinnig.

"Dit klink of dit van Juffrou Marais se klas se kant af kom," sê Ben saggies. "Kom ons gaan kyk."

Nou loop die tweeling stadig na Juffrou Marais se klas toe, na daar waar die geluid vandaan gekom het. Klara het haar flitslig weer afgeskakel, en hulle voel-voel teen die muur langs.

Juffrou Marais se klasdeur staan oop.

"Dis vreemd," fluister Klara. "Al die klaskamers word gesluit wanneer die onnies huis toe gaan in die middae."

Hulle sluip nader, en elke paar tree wag hulle eers om te hoor of hulle nie weer 'n geluid hoor nie. Maar daar is niks.  Alles is stil.

Die klaskamer is leeg.

As daar iemand was, is hy nie meer daar nie.

"Daar is ons spook," sug Klara, en wys na 'n kartonboks vol lêers wat op die vloer lê.

Dit moes van die kas afgeval het.

Die tweeling skakel weer hulle flitsligte aan en soek deur die klas, net om seker te maak.

"Die venster is ook oop," fluister Ben. "Dis snaaks dat Juffrou Marais alles so oop gelos het toe sy huis toe is, dink jy nie ook so nie?"

Maar Klara kyk na iets op die grond en frons. Sy skyn haar flitslig daarop.

Voetspore!

Daar is vuil, modderige voetspore oor die vloer.

Klara lig haar voete een na die ander op en kyk na haar tekkies se sole. Haar skoene is skoon.

Sy skyn haar flitslig op Ben se skoene, en ook hy kyk onder elke voet. Maar sy skoene is ook silwerskoon.

“Die modder is nog nat,” fluister Klara. “En dit kom beslis nie van ONS skoene af nie.”

Maar voordat Ben kan antwoord, trek Klara baie vinnig haar asem in. Sy staar na Juffrou Marais se tafel agter hom, en wys met ‘n bewende vinger na iets wat daar lê.

“Kyk daar!” sê sy met groot oë.

“O nee,” sê Ben en skud sy kop. “Jy gaan my beslis nie weer uitvang nie!”

Hy voel nou nog skaam omdat Klara hom so laat skrik het in die gang toe sy gemaak het of daar ’n spook is.

Hierdie keer gaan hy nie daarvoor val nie.

Maar Klara steek haar hand by hom verby en tel iets van die tafel agter hom af op.

“Kyk, Ben!” sê sy en hou die ding in die donker na hom toe uit.

Ben lig sy flitslig en skyn dit op Klara se hand, en nou staar hy ook na die ding wat sy vashou.

“Dis Oom Andries se beursie!” sê hy verbaas. “Maar wat maak dit hier?”

“Wel,” sê Klara, “dis duidelik wat gebeur het. Nadat ons in die stoorkamer was vanoggend...”

“Het iemand OOK daar gaan snuffel en in Oom Andries se sak gegrawe! Dink jy dit was Juffrou Marais?”

Klara maak haar mond oop om te antwoord, maar skielik gaan die skool se alarm al skreeuend en loeiend deur die gange af!

Ben druk sy ore toe vir die vreeslike lawaai.

Klara druk die beursie in haar sak, en skree bo die alarm uit:

“Ons beter spore maak! Kom! Iemand het die alarm aangesit! Die polisie sal nou hier wees!”

Die tweeling hardloop so vinnig as wat hulle kan by Juffrou Marais se klas uit, deur die

gang, en al die pad terug na die voordeur. Die deur is nog oop, en hulle glip uit.

Eers toe hulle in die skaduwee onder die hoë bome kom, gaan hulle staan en kyk terug.

Ben se hart klop woes in sy borskas. Hy is nie seker of dit van die hardloop of van die skrik is nie! Klara staan ook en hyg na haar asem hier langs hom.

“Iemand moes ons gesien het,” sê Ben. “Iemand het die alarm laat afgaan.”

“Iemand wat nie wou hê ons moet rondsnuffel nie!” sê Klara. “Hier is ‘n vreemde ding aan die gang by die skool, Ben. ‘n Vreemde ding! En ons moet uivind wat dit is.”

Net toe sien al twee gelyk iets.

‘n Lig gaan aan in een van die klaskamers en daar, voor die venster, staan die gedaante van ‘n man en uitkyk na hulle.

‘n Soldaat.

“Dis ... dis die soldaat wat Ansonet gesien het!” fluister Klara.

“En dis in Juffrou Marais se klas...” antwoord Ben, en voel hoe die haartjies in sy nek begin regop staan.

Die volgende oggend roep Meneer Dempers die tweeling in na sy kantoor toe.

“Daar is al hoe meer ouers wat hulle kinders uit die skool wil haal oor hierdie bogstorie!” sê hy toe Ben en Klara voor hom sit. “Ek kan nie verstaan waar dit vandaan kom nie!”

“Dit sal seker beter gaan as ons kan uitvind wat van Oom Andries geword het,” sê Klara, maar Ben weet dis nie wat sy eintlik wil sê nie.

Meneer Dempers kyk by die venster uit en antwoord nie.

Dan draai hy om en sê:

“As julle net kan help om die kinders kalm te hou,” sê hy, “net tot die saak afgehandel is.”

Ben wonder van watter saak Ou Dempies praat. Maar voor hy kan vra, lui die klok vir die volgende periode, en die skoolhoof stuur hulle terug klas toe. Op pad na die klas sê Ben vir Klara: “Dis vreemd dat Ou Dempies ONS hulp vra, dink jy nie so nie? Ek bedoel, wat kan ONS nou doen om die kinders kalm te hou?”

“Ja,” knik Klara ingedagte, “dis amper asof hy wil hê ons moet help, maar nie vir ons

mag sê waarmee ons moet help nie. Dis asof al die onnies iets weet wat hulle nie mag sê nie. Ek wonder wat dit is?"

Ansonet is nog steeds nie terug by die skool nie.

"Dink julle die spook het haar gevang?" vra Lisa pouse toe hulle onder die boom sit en broodjies eet.

"Moenie laf wees nie, Lisa!" sê Janie vinnig, en dan kyk sy vir Klara. "Daar is nie sulke goed soos spoke nie, né Klara?"

"Ek het ook eers so gedink," sê Klara ingedagte, "maar nou is ek nie meer so seker nie."

Ben en Sarel kom sit ook by die meisies.

"Wat dink julle?" vra Janie. "Dink julle dis 'n spook wat ons hier by Kruinendal het?"

"Dis net nonsens," sê Sarel. "My pa sê iemand probeer die kinders bang maak. Dis al."

Die kinders eet in stilte verder. Almal wonder oor die spook, en almal is so 'n bietjie ongemaklik.

Dan sê Klara: "Miskien kan ons iets doen om almal weer te laat beter voel."

"Soos wat?" vra Janie nuuskierig. "'n Spookpartytjie?"

Almal lag.

"Dalk is dit nie so 'n slegte idee nie!" sê Ben skielik. "Dalk is 'n partytjie net wat die skool nodig het sodat almal weer kan ontspan."

"Môre is Vrydag," sê Klara. "Ons kan 'n speletjiesaand in die saal hou. En elkeen kan sy eie piekniekmandjie bring."

"En die kinders kan op komberse sit en kuier!" sê Janie. "Dit klink lekker! Maar dink jy Ou Dempies sal daarvoor val?"

Klara knipoog vir Ben en sê: "Ek dink hy sal maar te bly wees!"

Later die dag gaan bespreek Ben en Klara hulle idee vir die speletjiesaand met Meneer Dempers. Die skoolhoof lyk verlig, en dink ook dat 'n vrolike aand by die skool dalk net die ding is om die kinders, en die ouers, te laat vergeet van die stories oor die spook. Hy vra vir Ben en Klara om die reëlings te tref. Die prefekte sal die speletjies uitpak, Klara en Janie sal die musiek bring, en elke kind sorg vir sy eie eetgoed en kombers. Sarel se pa en twee van die ander onderwysers bied aan om toesig te hou.

"Dink jy dis 'n goeie idee om almal môreaand skool toe te laat kom?" vra Ben vir Klara,

toe hulle twee eenkant alleen tussen klasse deur die gange loop. “Ek bedoel, na wat ons gisteraand gesien het...”

Klara se oë blink geheimsinnig.

“Ek dink dis ‘n baie goeie idee,” glimlag sy. “Dit sal ons ‘n tweede kans gee om bietjie rond te snuffel!”

Verbeel Ben hom net, of kyk Juffrou Marais vandag vir hom en Klara snaaks aan?

*Het sy uitgevind dat hulle gisteraand in haar klas was? Was dit sy wat Oom Andries se beursie uit die sak gehaal het, en weet sy nou dat hulle die beursie gevat het?*

Die kinders sit by Juffrou Marais in die klas vir hulle Wetenskap-periode, maar Ben gee glad nie aandag nie. Hy hou vir Juffrou Marais fyn dop. Hy sien hoe sy vir Klara kyk, amper asof haar oë dwarsdeur haar wil kyk!

Elke nou en dan loop sy deur die klas, en dan staan sy net ‘n paar oomblikke te lank by sy tafel stil.

*Of verbeel hy hom?*

“Ben en Klara?” sê Juffrou Marais toe die klok lui. “Bly asseblief agter. Ek wil met julle praat.”

Vinnig loer Ben na Klara. Sy kyk na hom en beduie: “Wat nou?”

Maar Ben skud sy kop. Hy het geen idee waaroor Juffrou Marais hulle wil sien nie. Al wat hy weet, is dat hy glad nie gerus voel daaroor nie.

“Kon julle toe iets uitvind oor die spook?” vra Juffrou Marais nadat al die ander kinders uit die klas is.

“Uhm, nog nie,” sê Klara, en loer vir Ben.

“Ons glo nie dat hier regtig ‘n spook in die skool is nie, Juffrou,” sê Ben. “Maar hier is beslis baie vreemde dinge aan die gang.”

Juffrou Marais lyk ongemaklik. Sy praat ‘n bietjie sagter en haar stem is ‘n bietjie laer as gewoonlik.

“Iets eienaardigs het gebeur,” gaan Juffrou Marais voort. “Toe ek vanoggend in my klas kom, was die venster wawyd oop en die deur was nie gesluit nie. Julle weet nie dalk iets

daarvan af nie?”

Ben en Klara kyk vir mekaar, en skud dan hulle koppe.

“Natuurlik nie, Juffrou!” glimlag Klara vriendelik. “Dalk het die skoonmakers vergeet om die klas toe te maak?”

Juffrou Marais antwoord nie. Sy kyk lank na Klara, en dan na Ben. Dan sê sy:

“Ek sal maar in die vervolg moet seker maak dat ek alles baie goed sluit voor ek huis toe gaan. Ek is seker dis niks. Julle kan maar gaan.”

Buite in die gang sê Ben saggies vir Klara:

“Ek dink sy weet dis ons wat gisteraand hier was.”

“Ek dink sy vermoed dit,” sê Klara, “maar sy kan dit nie bewys nie. Dit voel nog steeds vir my asof sy iets vir ons wegsteek. Ek...”

Maar voor Klara haar sin kan klaarmaak, hoor hulle iemand roep.

“Help! Help my! Help!” roep die stem. Dit klink soos Janie se stem!

En dit kom van die saal se kant af!

Klara en Ben kyk vir mekaar, en hardloop dan so vinnig as wat hulle kan na die saal toe. Oral kom onderwysers en kinders uit hulle klasse om te sien wat aangaan.

Almal lyk verskrik en bang...

Ben is ‘n bietjie vinniger as Klara, en hy is eerste by die saal. Die saal is leeg. Daar is niemand. Oral staan bokse rond met speletjies wat nog uitgepak moet word vir die partytjie.

“Help! Help!” roep die stem weer. Dit kom van die verhoog af.

Ben en Klara gaan nader. Sommige onderwysers kom ook nou by die saal in.

“Wat gaan aan?” vra Meneer Louw, die Wiskunde-onderwyser. “Wie skree so?

“Daar!” roep Klara, en wys na ‘n groot stapel swaar, ou gordyne wat op ‘n hoop op die verhoog lê. “Daar is iemand onder die gordyne! Gou!”

Die tweeling draf nader, en Meneer Louw help om die swaar gordyne op te lig.

‘n Baie stowwerige Janie sit verlig regop.

“Is jy oukei?” vra Klara, en probeer om nie te giggel nie. Haar vriendin lyk baie ontsteld.

“Ek het gedink ek versmoor!” hyg Janie. “Ek wou die krat daar bo van die balke af haal, en toe val hierdie hele stapel gordyne op my! Ek kon nie weer regop kom nie!”

“Gelukkig kan jy skree soos ‘n alarm!” glimlag Ben. “Ons kon jou daar anderkant by Juffrou Marais se klas al hoor!”

Nou glimlag Janie ook, en druk haar hare reg.

“Kan ons nou asseblief almal teruggaan na ons klasse?” vra Meneer Louw ongeduldig.

Hy lyk senuweeagtig en moeg.

“Ek dink Meneer Louw het gedink dis die spook wat iemand beet het!” fluister Klara vir Ben.

Ben knik.

“Ek weet ek sê daar is nie iets soos spoke nie,” sê hy, “maar ek dink ons het almal gedink dis die spook toe ons die gille hoor. Jy moet erken, Klara, hier gebeur heeltemal te veel dinge wat ons nie kan verduidelik nie.”

“Wat ons NOG nie kan verduidelik nie, Ben,” sê Klara ingedagte. “Dinge wat ons NOG NIE kan verduidelik nie. Maar dalk sal ons môreaand meer kan uitvind oor die spook van Kruinendal!”

## Hoofstuk 4

Klara Buys vat haar flitslig, en druk dit by haar handsakkie in.

“Jy gaan tog seker nie daardie ding saamvat na die speletjiesaand toe nie?” vra Ben, waar hy op haar bed sit.

Hy is al lankal gereed om te gaan, maar hy is ook al gewoond daaraan om vir sy sussie te wag. Meisiekinders draai altyd vreeslik as hulle die aand wil uitgaan!

“Ben,” sê Klara en glimlag vriendelik, “jy dink tog sekerlik nie nog steeds dat ons vanaand skool toe gaan om te gaan speletjies speel en partytjie hou nie? Vanaand is die aand wat ons daardie spook gaan vang!”

“Dink jy regtig die spook sal uitkom wanneer daar so baie mense is?” vra Ben weer en frons.

"Ons sal sien," sê Klara. Dan draai sy om en maak haar kamerdeur oop. "Kom jy? Of gaan jy die hele aand daar op die bed sit en vrae vra?"

Daar is baie kinders by die skool.

Dit lyk of die plan van 'n speletjiesaand gewerk het, want almal is opgewonde en vrolik. Niemand lyk bang nie, en niemand praat oor die spook nie.

Meneer Dempers, die skoolhoof, groet vir Ben en Klara by die voorportaal. Hy lyk baie tevrede.

"Dit was 'n goeie idee van julle," sê hy. "Ek hoop dat die kinders en die ouers nou 'n bietjie sal ontspan en van die hele affêre sal vergeet. As ek nog een oproep moet kry van 'n ontstelde ouer wat sy kind uit die skool wil haal omdat hier 'n spook is..."

"Wat praat julle van spoke?" vra Lisa reg agter hulle.

Sy het 'n helderpienk baadjie aan, en amper haar hele gesig is vol pienk blinkertjies gesmeer.

"Ou Dem ... Ek bedoel, Meneer Dempers ... het net gesê hy hoop almal vergeet nou van die spookstories!" sê Klara vinnig.

Sy sit sommer haar arm om Lisa se skouers, en die drie kinders loop saal toe.

Vrolike musiek speel in die saal, en alles lyk baie feestelik. Oral is tafels met speletjies, tafeltennistafels, veerpyltjie-borde en 'n klomp ander goed uitgepak. Die meeste kinders het al hulle komberse op die vloer oopgegooi, en sit nou en peusel aan hulle piekniekkos. 'n Paar meisies wys vir van die seuns danspassies, en eenkant staan twee onderwysers en gesels.

Sarel en sy pa kom ook by die saal in. Toe Sarel vir Klara sien, bloos hy en kom nader.

"Jy lyk baie mooi," sê hy saggies vir haar, en Ben kan sien hoe sy oë blink.

"Dankie, Sarel!" glimlag Klara. "Ek doen my bes!"

"Het enigiemand vir Ansonet gesien?" vra Lisa, toe Janie ook by hulle aansluit. Maar niemand het nie.

"Oom Andries is ook nog nie terug nie," sê Janie. "Ek wonder tog wat gebeur het. Dis mos nie hoe ons hom ken nie! Hy is dan nooit eens siek nie."

“Ek het gehoor hoe my pa en Ou Dempies gister oor hom praat,” sê Sarel.“Het julle geweet dat Oom Andries die bank vreeslik baie geld skuld? My pa sê hy moes baie geld leen toe sy vrou siek was en so lank in die hospitaal moes bly 'n ruk terug. En nou sukkel hy om dit alles terug te betaal. Ou Dempies het gesê die mense van die bank was al by die skool om met Oom Andries te kom praat.”

“Dink julle dis dalk hoekom hy weg is?” vra Lisa met groot oë. “Omdat die mense van die bank hom soek? Dink julle hy kruip iewers weg?”

“Dit kan wees...” sê Sarel.

“Moenie laf wees nie!” sê Klara. “Oom Andries sal nie oneerlik wees nie. En buitendien, hoekom sal hy weggaan en sy goed hier los? Dit maak nie sin nie. Nee, ek dink nie hy kruip weg nie.”

Sarel se pa kom nader, en die kinders hou op met praat.

“En toe?” glimlag Meneer Visagie vriendelik. “Is julle trots op julleself? Ek dink die saal lyk baie mooi, Janie. En ek dink die hele aand was ‘n goeie idee.”

“Dankie, Meneer,” sê Janie en Klara gelyk.

“Meneer Dempers het gesê ons kan ’n bietjie later vir almal pizza bestel,” sê Sarel se pa. “Die skool sal daarvoor betaal.  Maar hou dit maar ‘n verrassing, hoor?”

“Pizza!” roep Lisa. “Jippie!”

“Het Meneer Louw regtig gesê dat daar genoeg geld in die rekening is vir pizza?” vra Klara verbaas.

Almal weet dat Meneer Louw, wat met die skool se geld werk, maar nog altyd ’n bietjie suinig was.

“Meneer Louw werk mos nou al lankal nie meer met die rekeninge nie,” sê Sarel se pa. “Dis nou Juffrou Marais se werk. En sy het dadelik die geld vir die pizzas gegee!”

“Juffrou Marais?” vra Klara en Ben gelyk.

“Ja,” sê Sarel se pa. “Sy wou baie graag die rekeninge doen. Sy is baie lief vir somme en syfers, en Meneer Louw het in elk geval te veel ander dinge gehad. Sy doen nou al van laasjaar af die skool se betalings op die rekenaar.”

“Wat is dit, Klara?” fluister Ben. “Wat dink jy?”

“Ek is nog nie seker nie,” fluister Klara ingedagte, “maar iets pla my.”

“Wat pla jou?  Juffrou Marais?” vra Ben, toe hulle ‘n entjie weg van die ander is.

“Ek wonder...” sê Klara, en frons.

Dan kyk sy op, en wys na een van die outydse foto’s teen die muur.

“Kyk daar, Ben. Sien jy?”

Ben kyk ook op.

Teen die muur is ‘n klomp foto’s van die skoolgebou, met outydse mense wat daar rondstaan. Die foto waarna Klara wys, is baie oud. Dis al vaal en vol stof, maar Ben kan sien wat daarop is.

Dis ‘n foto van die mense wat Laerskool Kruinendal gebou het, baie lank gelede.

“Sien ek wat?” vra Ben. “Ons het daardie foto’s al miljoene kere gesien.”

“Maar ek het nog nooit voorheen regtig daarna gekyk nie!” sê Klara en gaan ‘n bietjie nader om beter te sien.

Net toe skakel Meneer Dempers die mikrofoon op die verhoog aan, en wink vir Klara nader om iets te sê. As hoofmeisie moet sy die kinders welkom heet.

Klara sug.

“Ek is seker ander privaatspeurders is nie hoofmeisies ook nie!” fluister sy vir Ben toe sy verhoog toe stap.

Terwyl Klara oor die mikrofoon met die kinders en onderwysers in die saal praat, wonder Ben oor die foto. Hy kyk en kyk daarna, maar kan nie raai wat dit is wat Klara gesien het nie.

Dis maar net ‘n stowwerige ou foto van ‘n gebou.

“Dankie dat julle almal gekom het!” sê Klara van die verhoog af. “Ons het so ‘n bietjie later ‘n verrassing vir julle.  Geniet die aand!”

Harde musiek begin weer speel en die kinders begin opgewonde onder mekaar gesels oor wat die verrassing kan wees waarvan Klara gepraat het.

Maar Ben kan op sy sussie se gesig sien dat sy glad nie aan die pizzas dink nie. Hy ken haar te goed. Sy kom vinnig na hom toe aangestap en haar oë blink.

Sy het ‘n plan, dit kan hy sien!

En nou weet Ben dat die aand sommer baie vinnig baie interessanter gaan word...

“Kom!” sê Klara, en trek vir Ben aan die arm. “Ons moet wegglip.”

Stilletjies, sodat nie een van die ander kinders in die saal dit agterkom nie, glip die Buys-tweeling by die agterste deure uit en by die gang in. In die gang wag hulle weer tot niemand kyk nie, en dan draf hulle om die hoek, af in nog ‘n gang, om nog ‘n draai, en al hoe verder weg van die vrolike musiek en die gedruis van stemme in die saal.

Dis donker buite, en die skoolgebou is verlate.

Almal is by die saal aan die agterkant van die skool, en nou kan Ben en Klara alleen deur die leë gange loop. Gou-gou is alles donker rondom hulle. Ver agter hulle kan hulle nog die musiek uit die saal hoor, maar hier waar hulle nou is, is dit doodstil.

So stil dat Ben sy eie asemhaling kan hoor.

In die gang waar Juffrou Marais se klas is, gaan hulle staan. Die deur na haar klas is toe.

“Waarna soek ons?” fluister Ben in Klara se oor.

Klara wag so lank voor sy hom antwoord, dat hy amper dink sy het hom nie gehoor nie.

Maar dan fluister sy baie saggies terug: “Ons soek die spook...”

“Maar ek dag dan jy sê...” begin Ben, maar Klara beduie met haar vinger op haar mond vir hom om stil te bly.

Dan wys sy vir hom om haar te volg, en saggies, baie saggies, beweeg hulle af in die gang in die rigting van Juffrou Marais se klas.

Dis donker in die gang.

‘n Koue luggie kom by die oop venster in. Klara trek haar sweetpakbaadjie stywer om haar skouers. Sy gaan versigtig nader – al nader aan die plek waar sy en Ben daardie aand die gedaante sien staan het. Dis dáár, af in die gang aan die linkerkant, anderkant die toe deur in Juffrou Marais se klas.

Versigtig lig Klara haar flitslig en skyn dit na die deur.

Ben kan oor haar skouer sien waar die lig van die flits val.

“Versigtig, Klara,” fluister hy in haar oor. Sy stem bewe. Hy hoop nie sy kan dit hoor nie. “Jy weet nie wat aan die anderkant van daardie deur is nie. Sê nou maar net dis...”

Die deur van Juffrou Marais se klas swaai stadig oop...

Dit kraak, en die geluid klink hard en hol in die leë gang.

Die tweeling hou hulle asems op, en...

"Klara!" fluister Ben benoud, en hy voel hoe die haartjies op sy arms regop staan. "Lyk dit nie alles vir jou baie bekend nie?"

"Dis net soos in ons droom!" onthou Klara ook nou, en haar hart klop vinniger.

Die tweeling wag doodstil in die gang vir iets om te gebeur, maar niks gebeur nie. Die deur staan oop en die maanlig wat deur die venster in Juffrou Marais se klas skyn, val oor die vloer.

"Ons kan nie heelaand hier staan nie," fluister Ben. "Wat wil jy doen?"

"Kom," sê Klara, en gaan nader.

Ben sug, en sluip agter die meisiekind aan. Skielik wens hy hy was eerder in die saal tussen die ander kinders, besig om tafeltennis te speel en koek te eet.

Klara loer by die deur in en trek haar asem vinnig in. Haar gesig word spierwit en haar oë rek groot. Sy vries in haar spore...

Ben loer ook by die klas in om te sien waarvoor Klara so geskrik het. Wanneer hy sien wat sy sien, voel dit of sy maag rondomtalie draai in sy lyf, en of sy bene wil hardloop maar sy voete is in die vloer vasgeplant!

Want daar, by die venster in Juffrou Marais se klas, staan 'n outydse soldaat...

Die soldaat staan by die venster met sy rug na die tweeling toe.

"B ... Ben!" sê Klara benoud in 'n hoë stemmetjie. "Dis ... die spook!"

"Daar is nie iets soos spoke nie..." fluister Ben, en hy frons.

Hy kyk mooi na die figuur. Dan gaan hy bietjie nader, en kyk weer.

Dis skemer in die klas, en hy kan nie mooi sien nie, maar hy is feitlik seker...

"Sit aan die lig, Klara," sê Ben.

Klara skakel die lig aan, dit flikker een of twee keer, en dan staan hulle in 'n helder verligte klaskamer saam met...

"'n Pop!" roep Klara uit, en wys na die soldaat. "Dis net 'n pop!"

“Maar hoekom sal iemand ‘n pop hier neersit en hom aantrek soos ‘n soldaat?” frons Ben.

“Omdat,” glimlag Klara, “iemand ons wil bangmaak. Dis hoekom! Iemand wat besig is met skelm dinge, en nie gepla wil wees nie. Iemand wat wil seker maak dat niemand dit ná donker in hierdie deel van die skool sal waag nie!”

“Bedoel jy dit was alles ‘n skelm plan?” vra Ben. “Die hele spookding?”

“Natuurlik!” glimlag Klara. “Ek was nie seker nie, maar nou is ek.”

“Maar wie sal so iets doen?” vra Ben.

“Kon jy nog nie raai nie, Ben?” vra Klara. “Wie is die een wat die storie oor die soldaat vertel het? En wie is die een wat hierdie klas se sleutels het? En wie is die een wat die afgelope tyd baie geheimsinnig opgetree het?”

Ben swaai om, en daar, in die deur agter hulle, staan Juffrou Marais met ‘n grynslag op haar gesig! In haar hand het sy ‘n pistool.

“Juffrou Marais!” roep Ben uit.

“Julle twee kan maar net nie julle neuse uit my sake hou nie, kan julle?” sê sy en kom stadig, dreigend nader. “Hoekom het julle nie maar my storie van die soldaat geglo nie? Hoekom was julle nie bang soos al die ander idiote wie se ouers hulle uit die skool gevat het nie? Hoekom moes julle net eenvoudig kom rondkrap?”

“Daar was nooit ‘n hospitaal hier nie,” sê Klara. “Ek het die foto in die saal gesien. Die outydse foto waar die eerste skoolhoof die skool laat bou het in 1880. Dit was van die begin af ‘n skool. Hier was nooit soldate nie. Dis hoe ek geweet het dis jy wat agter alles sit.”

“Bedoel jy sy het die storie opgemaak om ons bang te maak?” vra Ben nou.

Klara knik.

“Sy wou keer dat ons kom rondsnuffel,” sê sy. “Sy het probeer om Oom Andries bang te maak met die ligte, maar dit het nie gewerk nie. En toe raak sy ontslae van hom. En toe het sy probeer om ONS bang te maak met die gille en die stories oor spoke, en die soldaatpop in die venster.”

“Maar hoekom?” vra Ben.

Hy haal nie sy oë van die pistool af nie, en staan doodstil in die middel van die vloer.

“Want sy is besig om die ouers se geld te steel!” sê Klara.

“Dis ‘n leuen!” roep Juffrou Marais. “Jy kan dit nie bewys nie!”

“Dis hoekom jy so graag met die skool se rekeninge wou werk!” sê Ben. “En dis hoekom jy so laat in die aand hier by die skool is! Jy is besig om geld uit die rekeninge te haal vir jouself! En dis hoekom jy so vinnig die geld vir die pizzas gegee het. Jy wou nie hê iemand anders moes kyk wat in die rekening aangaan nie!”

“Absolute bog!” lag Juffrou Marais. “Ek dink dis tyd dat ek julle ‘n les leer, voor julle verder hierdie stories versprei!”

Sy lig die pistool en kom dreigend nader.

“Dis genoeg, Juffrou Marais,” sê ‘n stem by die deur. “Sit die pistool weg.”

In die klas se deur staan Meneer Dempers, ‘n polisieman, en...

“Oom Andries!” roep Ben en Klara gelyk uit.

“Naand, kinders,” glimlag Oom Andries. “Knap stukkie speurwerk, hoor! Soos gewoonlik!”

Ben en Klara glimlag, en die polisieman staan nader.  Juffrou Marais laat sak die pistool, en die polisieman lei haar by die klaskamer uit.

“Sjoe!” sê Ben. “Dit was amper! Maar hoe het julle geweet ons is hier?”

Meneer Dempers glimlag en sit sy arms om die twee kinders se skouers.

Hy lyk moeg, maar baie verlig.

“Julle moet vir Oom Andries dankie sê,” sê hy. “Dis hy wat die polisie gaan haal het. Juffrou Marais het gehoor dat Oom Andries in die moeilikheid is by die bank, en toe bied sy vir hom baie geld aan as hy stilbly en dadelik die skool verlaat.”

“Maar ek het nie ver gekom nie,” sug Oom Andries. “Daar is dinge wat belangriker is as geld. En ook maar goed ek het teruggekom!”

Die tweeling lag, en druk vir Oom Andries van altwee kante af styf vas.

“Ek weet nie van julle nie,” sê Meneer Dempers. “Maar ek kan nou doen met ‘n stukkie pizza!”

Ben en Klara Buys sit saam met hulle maats op ‘n dik kombers in die saal. Voor hulle lê twee groot bokse pizza, en die kinders smul heerlik daaraan.

“So,” sê Janie met ‘n mond vol pizza, “het Juffrou Marais regtig die skool se geld gesteel en in haar eie rekening gesit?”

“Ja,” sê Ben. “Dis ongelooflik. Die polisie sê sy het al by drie ander skole gewerk en dieselfde daar gedoen. Sy steel duisende rande, en dan laai sy ‘n virus op die rekenaars sodat niemand kan sien wat in die rekeninge aangaan nie. Dan verdwyn sy natuurlik met die geld, en teen die tyd dat hulle agterkom wat gebeur het, is sy ver weg.”

“Maar hoe het jy geweet dis sy wat die spook is?” vra Sarel vir Klara.

“Dit het net nie alles sin gemaak nie,” sê Klara en vat ‘n groot hap van haar ham en pynappel pizza, “Die dinge wat sy gesê en gedoen het, het nie sin gemaak nie. Eers wil sy niks weet van die spook nie, en dan kom vertel sy self vir ons daardie storie van die soldate.”

“En dit was toe glad nie eens waar nie!” lag Ben.

Klara sit haar arm om Sarel se skouers, en soen hom met ‘n vetterige mond op die wang.

“Maar ons sou dit nie sonder jou kon doen nie, Sarel!” lag sy. “Dis JY wat vir ons vertel het van Oom Andries en die geld, en toe het ek begin wonder...”

Sarel bloos bloedrooi, en almal lag.

“Ek hoor die skool gaan nou vir Oom Andries help om die geld terug te betaal,” sê Ben. “Omdat hy gehelp het om Juffrou Marais vas te trek.”

“Ek dink die onnies het vermoed iets gaan aan,” sê Janie. “Hulle het almal die afgelope tyd so vreeslik gespanne gelyk. Dalk het hulle vermoed Juffrou Marais voer iets in die mou, maar kon dit nie bewys nie.”

Net toe Ben die laaste stuk pizza uit die boks wil vat, kom sit Ansonet skielik langs hom op die kombers, en gryp die pizza.

“Los vir my ook, man!” giggel sy.

Almal kyk verbaas na haar.

“En waar kom jy nou vandaan?” vra Klara. “Ons dag die spook het jou ontvoer en jou iewers in ‘n gat gedruk!”

“Sou dit nie wonderlik wees nie...” fluister Janie vir Ben.

“My ma het gedink dis beter dat ek liewer by die huis bly,” sê Ansonet skaam. “Mens weet nooit, julle weet. Maar Ou Dempies het netnou gebel en alles verduidelik. Het julle

gehoor? Daar was toe al die tyd nie ‘n regte spook nie! So, hier is ek terug! Wat het ek gemis, hmmm?”

Ben en Klara kyk vir mekaar, en almal sug.

DIE EINDE

Lees nou die tweede Buys-tweeling avontuur:

## Die seerower se skat

Wanneer Klara Buys 'n verweerde ou skatkaart ontdek, lees sy en Ben 'n bietjie op oor die seerowers wat jare gelede hulle skatte in Kruinendal se grond kom begrawe het. Die tweeling besluit om die skat te gaan soek, en beland in nog 'n spannende avontuur...

Kry “Die seerower se skat” hier: https://www.amazon.com/gp/product/B0CSC8Z464

## Die skrywer

ANNA EMM is 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat tans in London woon. Sy het al meer as 3,000 kinderstories geskryf, 21 liefdesverhale, 38 novellas, 5 spanningsverhale, en verskeie kortverhale en verhoogproduksies. In Suid-Afrika het sy dikwels op televisie en radio gepraat het oor die terapeutiese waarde van stories.



Gebore Anna Margriet Strydom, het die skrywer gewildheid verwerf onder die pennaam, Anna Emm. Onder die vaandel van haar eie onhafhanklike uitgewery, Anna Emm Produksies, het Anna duisende oorspronklike kinderstories geskryf en op luisterstories op CD vervaardig. Tydens 'n televisieonderhoud in 2019 het Anna egter erken dat die kinderstories eintlik bloot toevallig gebore is uit haar jare as laerskoolonderwyseres, en dat dit nie noodwendig haar voorkeur-genre is nie. Inteendeel. sy sien haarself as 'n veelsydige storieverteller wat eintlik ewe gemaklik is in amper enige genre, en soos 'n verkleurmannetjie aanpas by die ouderdom en omstandighede van haar lesers.

**Vir meer inligting oor Anna Emm en haar boeke, besoek**
**www.AnnaEmm.co.uk of kontak admin@annaemm.co.uk**